NASIONALE OPVOEDING
AFRIKAANSE OFFICIAL
NATIONAL EDUCATION

OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0,60 Wednesday 18 December 1985 WINDHOEK Woensdag 18 Desember 1985 No 5149

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

No. 143 Promulgation of Appeals Amendment Act, 1985 (Act 29 of 1985), of the National Assembly. 1

INHOUD

Bladsy

GOEWERMENTKENNISGEWING:

No. 143 Afkondiging van Wysigingswet op Appèlle, 1985 (Wet 29 van 1985), van die Nasionale Vergadering 1

Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 143 1985

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 29 of 1985: Appeals Amendment Act, 1985

Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 143 1985

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 29 van 1985: Wysigingswet op Appèlle, 1985

Act No. 29, 1985 APPEALS AMENDMENT ACT, 1985

EXPLANATORY NOTE:

——— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in bold typing in square brackets indicate omissions proposed.

ACT

To amend the Magistrates' Courts Act, 1944, so as to further regulate appeals in civil suits or proceedings to the Supreme Court of South West Africa; to amend the Supreme Court of South West Africa Proclamation, 1981, so as to further regulate appeals to the said Supreme Court; to amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to further regulate appeals in criminal proceedings in the said Supreme Court; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 28 November 1985)

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 1 of Act 32 of 1944, as substituted by section 1 of Act 53 of 1970 and amended by section 23 of Act 94 of 1974.

1. Section 1 of the Magistrates' Courts Act, 1944, is hereby amended by the substitution for the definition of "court of appeal" of the following definition:

"'court of appeal' means the **[provincial division of the Supreme Court to which an appeal lies from the magistrate's court]** Supreme Court of South West Africa;".

Amendment of section 83 of Act 32 of 1944, as substituted by section 16 of Act 15 of 1969.

2. Section 83 of the Magistrates' Courts Act, 1944, is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"Subject to the provisions of section 82, a party to any civil suit or proceeding in a court may appeal to the **[provincial division of the Supreme Court having local jurisdiction]** court of appeal, against -".

Amendment of section 1 of Proclamation 222 of 1981.

3. Section 1 of the Supreme Court of South West Africa Proclamation, 1981 (hereinafter referred to as the Proclamation), is hereby amended by the substitution for the definition of "full court" of the following definition:

"'full court', except for the purposes of section 6(1), means a court consisting of **[two or more]** three judges;".

WYSIGINGSWET OP APPÈLLE, 1985 Wet No. 29, 1985

VERDUIDELIKENDE NOTA:

——— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

WET

Tot wysiging van die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde appèlle in siviele gedinge of verrigtinge na die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika verder te reël; tot wysiging van die Proklamasie op die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, 1981, ten einde appèlle na genoemde Hooggeregshof verder te reël; tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde appèlle in strafregtelike verrigtinge in genoemde Hooggeregshof verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 25 November 1985)

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

1. Artikel 1 van die Wet op Landdroshowe, 1944, word hierby gewysig deur die omskrywing van "die hof van appèl" deur die volgende omskrywing te vervang:

Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 1944, soos vervang deur artikel 1 van Wet 53 van 1970 en gewysig deur artikel 23 van Wet 94 van 1974.

"'die hof van appèl' **[die provinsiale afdeling van die Hooggeregshof waarna 'n appèl van die magistraatshof aangeteken kan word]** die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika;".

2. Artikel 83 van die Wet op Landdroshowe, 1944, word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 83 van Wet 32 van 1944, soos vervang deur artikel 16 van Wet 15 van 1969.

"Behoudens die bepalings van artikel 82 kan 'n party in enige siviele geding of verrigting in 'n hof na die **[provinsiale afdeling van die Hooggeregshof wat plaaslike jurisdiksie het]** hof van appèl appelleer teen -".

3. Artikel 1 van die Proklamasie op die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, 1981 (hieronder die Proklamasie genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "volle hof" deur die volgende omskrywing te vervang:

Wysiging van artikel 1 van Proklamasie 222 van 1981.

"'volle hof', behalwe vir die doeleindes van artikel 6(1), 'n hof wat uit **[twee of meer]** drie regters bestaan.".

Amendment of section 6 of Proclamation 222 of 1981.

4. Section 6 of the Proclamation is hereby amended -

(a) by the substitution for paragraph (b) of subsection (1) of the following paragraph:

"(b) A single judge may at any time discontinue the hearing of any matter which is being heard before him and refer it for hearing to the full court, constituted in accordance with the proviso to paragraph (a).";

(b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

"(a) The Supreme Court shall, except where it is in terms of any law required or permitted to be otherwise constituted -

(i) for the hearing of any appeal against a judgment or order of an inferior court, be constituted before not less than two judges **[for the hearing of any appeal: Provided that an appeal from any inferior court may be heard and determined before a single judge]**; and

(ii) for the hearing of any appeal against a judgment or order of the Supreme Court constituted before a single judge, be constituted before three judges."; and

(c) by the substitution of subsection (5) of the following subsection:

"(5) During any period which may by rule of court be fixed as vacation or during which only one judge may be available, one judge of the Supreme Court shall, notwithstanding anything in this Proclamation or any other law contained, but subject to the provisions of subsection (2)(b), be competent to exercise all the powers, jurisdiction and authority of the Supreme Court.".

Amendment of section 14 of Proclamation 222 of 1981.

5. The following section is hereby substituted for section 14 of the Proclamation:

"Appeals against judgment or order of Supreme Court in civil proceedings

14.(1) An appeal from a judgment or order of the Supreme Court in any civil proceedings or against any judgment or order of the Supreme Court given on appeal shall, subject to the provisions of subsection (3), be heard by the appellate division.

(2) (a) If leave is granted under subsection (4)(b) to appeal against a judgment or order, in any civil proceedings, of the Supreme Court constituted before a single judge, the Supreme Court or the appellate

4. Artikel 6 van die Proklamasie word hierby gewysig - Wysiging van artikel 6 van Proklamasie 222 van 1981.

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) 'n Enkele regter kan te eniger tyd die verhoor van 'n aangeleentheid wat voor hom verhoor word, staak en dit vir verhoor na die volle hof wat ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) saamgestel is, verwys.";

(b) deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die Hooggeregshof word, behalwe waar hy ingevolge die een of ander wetsbepaling anders saamgestel moet of kan word -

(i) vir die verhoor van 'n appèl teen 'n uitspraak of bevel van 'n laerhof, voor minstens twee regters saamgestel [**: Met dien verstande dat 'n appèl van 'n laerhof deur 'n enkele regter verhoor en beslis kan word**]; en

(ii) vir die verhoor van 'n appèl teen 'n uitspraak of bevel van die Hooggeregshof wat voor 'n enkele regter saamgestel is, voor drie regters saamgestel."; en

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Gedurende enige tydperk wat by hofreëls as 'n vakansietydperk bepaal is of waartydens slegs een regter beskikbaar is, is een regter van die Hooggeregshof, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Proklamasie of 'n ander wet, maar behoudens die bepalings van subartikel (2)(b), bevoeg om al die bevoegdhede, jurisdiksie en gesag van die Hooggeregshof uit te oefen.".

5. Artikel 14 van Proklamasie word hierby deur die volgende artikel vervang: Wysiging van artikel 14 van Proklamasie 222 van 1981.

"Appèlle teen uitspraak of bevel van Hooggeregshof in siviele geding

14.(1) 'n Appèl teen 'n uitspraak of bevel van die Hooggeregshof in 'n siviele geding of teen enige uitspraak of bevel van die Hooggeregshof op appèl gegee, word, behoudens die bepalings van subartikel (3), deur die appèl-afdeling verhoor.

(2) (a) Indien verlof kragtens subartikel (4)(b) verleen word om te appelleer teen 'n uitspraak of bevel, in 'n siviele geding, van die Hooggeregshof voor 'n enkele regter saamgestel, moet die Hooggeregshof of die

division, according to whether leave is granted by the Supreme Court or the appellate division, shall, if it is satisfied that the questions of law and of fact and the other considerations involved in the appeal are of such a nature that the appeal does not require the attention of the appellate division, direct that the appeal be heard by a full court.

(b) Any such direction by the Supreme Court may be set aside by the appellate division on application made to it by any interested party within 21 days, or such longer period as may on good cause be allowed, after the direction was given.

(c) Any application to the appellate division under paragraph (b) shall be submitted by petition addressed to the Chief Justice.

(d) The rules regulating the proceedings of the appellate division shall *mutatis mutandis* apply in respect of appeals to that division.

(3) An appeal which is to be heard by a full court in terms of a direction under paragraph (a) of subsection (2) which has not been set aside under paragraph (b) of that subsection, shall be heard by the full court.

(4) No appeal shall lie against a judgment or order of the Supreme Court in any civil proceedings or against any judgment or order of the Supreme Court given on appeal to it, except -

(a) in the case of a judgment or order given in any civil proceedings by the full court on appeal to it, with the special leave of the appellate division;

(b) in any other case, with the leave of the Supreme Court or, where such leave has been refused, with the leave of the appellate division.

(5) (a) Any leave required in terms of subsection (4) for an appeal against a judgment or order of the Supreme Court given on appeal to it may be granted subject to such conditions as the Supreme Court or the appellate division, according to whether leave is granted by the Supreme Court or the appellate division, may determine, and such conditions may include a condition that the applicant shall pay the costs of the appeal.

(b) If such leave to appeal is granted in any civil proceedings, the court granting the leave may order the applicant to find security for the costs of the appeal in such an amount as the registrar may determine, and may fix the time within which the security is to be found.

(c) If the leave to appeal required in terms of subsection (4)(b) has been refused by the Supreme Court but is

appèlafdeling, na gelang verlof deur die Hooggeregshof of die appèlafdeling verleen word, indien hy oortuig is dat die regs- en feitevrae en ander oorwegings wat by die appèl betrokke is van so 'n aard is dat die appèl nie die aandag van die appèlafdeling verg nie, gelas dat die appèl deur 'n volle hof verhoor word.

(b) So 'n lasgewing deur die Hooggeregshof kan deur die appèlafdeling tersyde gestel word op aansoek deur 'n belanghebbende party aan hom gerig binne 21 dae, of die langer tydperk wat op goeie gronde toegelaat word, nadat die lasgewing gedoen is.

(c) 'n Aansoek aan die appèlafdeling ingevolge paragraaf (b) moet voorgelê word by petisie aan die Hoofregter gerig.

(d) Die reëls waarby die verrigtinge van die appèlafdeling gereël word, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van appèlle na daardie afdeling.

(3) 'n Appèl wat deur 'n volle hof verhoor moet word ingevolge 'n lasgewing kragtens paragraaf (a) van subartikel (2) wat nie kragtens paragraaf (b) van daardie subartikel tersyde gestel is nie, word verhoor deur die volle hof.

(4) Daar is geen appèl teen 'n uitspraak of bevel van die Hooggeregshof in 'n siviele geding of teen enige uitspraak of bevel van die Hooggeregshof op appèl na hom gegee nie, behalwe -

(a) in die geval van 'n uitspraak of bevel in 'n siviele geding deur die volle hof gegee op appèl na hom, met die spesiale verlof van die appèlafdeling;

(b) in enige ander geval, met verlof van die Hooggeregshof of, waar sodanige verlof geweier is, met verlof van die appèlafdeling.

(5) (a) Verlof ingevolge subartikel (4) vereis vir 'n appèl teen 'n uitspraak of bevel van die Hooggeregshof op appèl na hom gegee, kan verleen word onderworpe aan die voorwaardes wat die Hooggeregshof of die appèlafdeling, na gelang verlof deur die Hooggeregshof of die appèlafdeling verleen word, bepaal, en sodanige voorwaardes kan 'n voorwaarde insluit dat die applikant die koste van die appèl moet betaal.

(b) Indien sodanige verlof tot appèl in 'n siviele geding verleen word, kan die hof wat die verlof verleen die applikant gelas om vir die koste van die appèl sekerheid te stel tot 'n bedrag wat die griffier bepaal, en die tyd vasstel waarin die sekerheid gestel moet word.

(c) Indien die ingevolge subartikel (4)(b) vereiste verlof tot appèl deur die Hooggeregshof geweier is maar

granted by the appellate division, the appellate division may vary any order as to costs made by the Supreme Court in refusing leave.

(6) The power to grant leave to appeal as contemplated in this section -

(a) shall not be limited by reason only of the value of the matter in dispute or the amount claimed or awarded in the suit or by reason only of the fact that the matter in dispute is incapable of being valued in money; and

(b) shall be subject to the provisions of any other law which specifically limits it or specifically grants, limits or excludes any right of appeal.

(7) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, no appeal shall lie from a judgment or order of the Supreme Court in proceedings in connection with an application -

(a) by one spouse against the other for maintenance *pendente lite;*

(b) for contribution towards the costs of a pending matrimonial action;

(c) for the interim custody of a child when a matrimonial action between its parents is pending or is about to be instituted; or

(d) by one parent against the other for interim access to a child when a matrimonial action between the parents is pending or is about to be instituted.".

Substitution of section 315 of Act 51 of 1977.

6. The following section is hereby substituted for section 315 of the Criminal Procedure Act, 1977:

"Court of appeal from superior court judgments.

315. (1) In respect of appeals and questions of law reserved in connection with criminal cases heard by the Supreme Court of South West Africa (hereinafter referred to as the Supreme Court), the court of appeal shall be the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa (in this Chapter referred to as the Appellate Divison), except in so far as subsection (3) otherwise provides.

(2) (a) If an application (excluding an application of a person who has been sentenced to death) for leave to appeal in a criminal case heard by a single judge of the Supreme Court (irrespective of whether he sat with or without assessors) is granted under section

deur die appèlafdeling toegestaan word, kan die appèlafdeling enige bevel deur die Hooggeregshof by die weiering met betrekking tot koste uitgevaardig, wysig.

(6) Die in hierdie artikel beoogde bevoegdheid om verlof tot appèl te verleen -

(a) is nie beperk bloot op grond van die waarde van die saak in geskil of die bedrag in die geding geëis of toegeken nie of bloot op grond daarvan dat die saak in geskil nie in geld bereken kan word nie; en

(b) is onderworpe aan die bepalings van enige ander wet wat dit uitdruklik beperk of 'n reg van appèl uitdruklik verleen, beperk of uitsluit.

(7) Ondanks andersluidende wetsbepalings is daar geen appèl teen 'n uitspraak of bevel van die Hooggeregshof nie in verrigtinge in verband met 'n aansoek -

(a) deur een eggenoot teen die ander om onderhoud *pendente lite;*

(b) om 'n bydrae tot die koste van 'n huweliksgeding wat aanhangig is;

(c) om die tussentydse bewaring van 'n kind wanneer 'n huweliksgeding tussen sy ouers aanhangig is of op die punt staan om ingestel te word; of

(d) deur een ouer teen die ander om tussentydse toegang tot 'n kind wanneer 'n huweliksgeding tussen die ouers aanhangig is of op die punt staan om ingestel te word.".

Vervanging van artikel 315 van Wet 51 van 1977.

6. Artikel 315 van die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Appèlhof ten opsigte van uitsprake in hoërhof.

315. (1) Ten opsigte van appèlle en regsvrae wat voorbehou word in verband met strafsake wat die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika (hierna die Hooggeregshof genoem) verhoor het, is die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (in hierdie Hoofstuk die Appèlafdeling genoem) die hof van appèl, behalwe vir sover subartikel (3) anders bepaal.

(2) (a) Indien 'n aansoek (uitgesonderd 'n aansoek van 'n persoon wat ter dood veroordeel is) om verlof om te appèlleer in 'n strafsaak wat deur 'n enkele regter van die Hooggeregshof (ongeag of hy met of sonder assessore gesit het) verhoor is, kragtens artikel 316

316, the court or judge or judges granting the application shall, if it or he or, in the case of the judges referred to in subsection (8) of that section, they or the majority of them, is or are satisfied that the question of law and of fact and the other considerations involved in the appeal are of such a nature that the appeal does not require the attention of the Appellate Division, direct that the appeal be heard by a full court.

(b) Any such direction by the court or a judge may be set aside by the Appellate Division on application made to it by the accused or the attorney-general or other prosecutor within 21 days, or such longer period as may on application to the Appellate Division on good cause be allowed, after the direction was given.

(c) Any application to the Appellate Division under paragraph (b) shall be submitted by petition addressed to the Chief Justice, and the provisions of section 316(6), (7), (8) and (9) shall apply *mutatis mutandis* in respect thereof.

(3) An appeal which is to be heard by a full court in terms of a direction under paragraph (a) of subsection (2) which has not been set aside under paragraph (b) of that subsection, shall be heard by a full court.

(4) An apeal in terms of this Chapter shall lie only as provided in sections 316 to 319 inclusive, and not as of right.

(5) In this Chapter -

(a) 'court of appeal', in relation to an appeal which in terms of subsection (3) is heard or is to be heard by a full court, means the full court concerned and, in relation to any other appeal, the Appellate Division;

(b) 'full court' means the Supreme Court, sitting as a court of appeal and constituted before three judges.".

Amendment of section 316 of Act 51 of 1977.

7. Section 316 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended -

(a) by the deletion in subsection (1) of the words "to the court of appeal", and the word "so", where it occurs for the last time;

toegestaan word, moet die hof of regter of regters wat die aansoek toestaan, indien hy of, in die geval van die regters in subartikel (8) van daardie artikel bedoel, hulle of die meerderheid van hulle, oortuig is dat die regs- en feitevrae en die ander oorwegings wat by die appèl betrokke is van so 'n aard is dat die appèl nie die aandag van die Appèlafdeling verg nie, gelas dat die appèl deur 'n volle hof verhoor word.

(b) So 'n lasgewing deur die hof of 'n regter kan deur die Appèlafdeling tersyde gestel word op aansoek deur die beskuldigde of die prokureur-generaal of ander aanklaer aan hom gerig binne 21 dae of die langer tydperk wat op aansoek aan die Appèlafdeling gerig om gegronde redes toegelaat word, nadat die lasgewing gedoen is.

(c) 'n Aansoek aan die Appèlafdeling ingevolge paragraaf (b) moet voorgelê word by wyse van versoekskrif aan die Hoofregter gerig, en die bepalings van artikel 316(6), (7), (8) en (9) is *mutatis mutandis* ten opsigte daarvan van toepassing.

(3) 'n Appèl wat deur 'n volle hof verhoor moet word ingevolge 'n lasgewing kragtens paragraaf (a) van subartikel (2) wat nie kragtens paragraaf (b) van daardie subartikel tersyde gestel is nie, word verhoor deur 'n volle hof.

(4) 'n Appèl ingevolge hierdie Hoofstuk kan slegs soos bepaal in artikels 316 tot en met 319 aangeteken word, en nie op grond van 'n reg van appèl nie.

(5) In hierdie Hoofstuk beteken -

(a) 'appelhof', met betrkking tot 'n appèl wat ingevolge subartikel (3) deur 'n volle hof verhoor word of verhoor moet word, die betrokke volle hof en, met betrekking tot enige ander appèl, die Appèlafdeling;

(b) 'volle hof', die Hooggeregshof wat as 'n hof van appèl sit en uit drie regters saamgestel is.".

7. Artikel 316 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig

Wysiging van artikel 316 van Wet 51 van 1977.

(a) deur in subartikel (1) die woorde "na die appèlhof" en die woord "aldus", waar dit die laaste keer voorkom, te skrap;

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

"(1A) (a) No appeal shall lie against the judgment or order of a full court given on appeal to it in terms of section 315(3), except with the special leave of the Appellate Division on application made to it by the accused or, where a full court has for the purposes of such judgment or order given a decision in favour of the accused on a question of law, on application on the grounds of such decision made to that division by the attorney-general or other prosecutor against whom the decision was given.

(b) An application to the Appellate Division under paragraph (a) shall be submitted by petition addressed to the Chief Justice within 21 days, or such extended period as may on application by petition so addressed on good cause be allowed, after the judgment or order against which appeal is to be made was given.

(c) The accused or attorney-general or other prosecutor shall, when submitting in accordance with paragraph (b) the application for special leave to appeal, at the same time give written notice that this has been done to the registrar, and thereupon the registrar shall forward a certified copy of the record prepared in terms of subsection (5) for the purposes of such judgment or order, and of the reasons for such judgment or order, to the registrar of the Appellate Division.

(d) The provisions of subsections (2), (7), (8) and (9) shall apply *mutatis mutandis* with reference to any application and petition contemplated in paragraph (b) of this subsection.

(e) Upon an appeal under this subsection the provisions of section 322 shall apply *mutatis mutandis* with reference to the powers of the Appellate Division.";

(c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) (a) If an application under subsection (1) for leave to appeal is granted and the appeal is not under section 315(3) to be heard by the full court, the registrar **[of the court granting such application]** shall cause notice to be given accordingly to the registrar of the **[court of appeal]** Appellate Division without delay, and shall cause to be transmitted to the said registrar a certified copy of the record, including copies

(b) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:

"(1A) (a) Teen die uitspraak of bevel van 'n volle hof op appèl na hom ingevolge artikel 315(3) gegee, is daar geen appèl nie, behalwe met die spesiale verlof van die Appèlafdeling op aansoek aan hom gerig deur die beskuldigde of, waar 'n volle hof vir die doeleindes van sodanige uitspraak of bevel 'n beslissing oor 'n regsvraag ten gunste van die beskuldigde gegee het, op aansoek op grond van daardie beslissing aan daardie afdeling gerig deur die prokureur-generaal of ander aanklaer teen wie die beslissing gegee is.

(b) 'n Aansoek aan die Appèlafdeling ingevolge paragraaf (a) moet voorgelê word by versoekskrif aan die Hoofregter gerig binne 21 dae, of die langer tydperk wat op aansoek by aldus gerigte versoekskrif om gegronde redes toegelaat word, nadat die uitspraak of bevel waarteen geappelleer staan te word, gegee is.

(c) Die beskuldigde of die prokureur-generaal of ander aanklaer moet, wanneer hy die aansoek om spesiale verlof om te appelleer ooreenkomstig paragraaf (b) voorlê, terselfdertyd aan die griffier skriftelik kennis gee dat hy dit gedoen het, en daarop stuur die griffier 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde wat ingevolge subartikel (5) vir die doeleindes van daardie uitspraak of bevel voorberei is, en van die redes vir daardie uitspraak of bevel, aan die griffier van die Appèlafdeling.

(d) Die bepalings van subartikels (2), (7), (8) en (9) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aansoek en versoekskrif in paragraaf (b) van hierdie subartikel bedoel.

(e) By 'n appèl ingevolge hierdie subartikel is die bepalings van artikel 322 *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die bevoegdhede van die Appèlafdeling.";

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) (a) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof om te appelleer, toegestaan word en die appèl nie ingevolge artikel 315(3) deur die volle hof verhoor moet word nie, laat die griffier **[van die hof wat so 'n aansoek toestaan]** sonder versuim dienooreenkomstig aan die griffier van die **[appèlhof]** Appèlafdeling kennis gee, en 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde, met inbegrip van afskrifte van die getuienis, hetsy dit

of the evidence, whether oral or documentary, taken or admitted at the trial, and a statement of the grounds of appeal: Provided that, instead of the whole record, with the consent of the accused and the attorney-general, copies (one of which shall be certified) may be transmitted of such parts of the record as may be agreed upon by the attorney-general and the accused to be sufficient, in which event the court of appeal may nevertheless call for the production of the whole record.

(b) If an application under subsection (1) for leave to appeal is granted and the appeal is under section 315(3) to be heard by the full court, the registrar shall without delay prepare a certified copy of the record, including copies of the evidence, whether oral or documentary, taken or admitted at the trial, and a statement of the grounds of appeal: Provided that, instead of the whole record, with the consent of the accused and the attorney-general, copies (one of which shall be certified) may be prepared of such parts of the record as may be agreed upon by the attorney-general and the accused to be sufficient, in which event the court of appeal may nevertheless call for the production of the whole record.";

(d) by the substitution in subsection (6) for the words "court of appeal", wherever they occur, of the words "Appellate Division";

(e) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) The petition **[may]** shall be considered in chambers by **[the Chief Justice or by any other judge of the court of appeal to whom it may be referred by the Chief Justice]** three judges of the Appellate Division designated by the Chief Justice.";

(f) by the substitution for subsection (8) of the following subsection:

"(8) The **[judge]** judges considering the petition may-

(a) call for any further information from the judge who heard the application for condonation or the application for leave to appeal or the application for leave to call further evidence, or from the judge who presided at the trial to which any such application relates;

mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en 'n opgaaf van die gronde van appèl, aan bedoelde griffier deurstuur: Met dien verstande dat, in plaas van die oorkonde in die geheel, afskrifte (waarvan een gewaarmerk moet wees) van die gedeeltes van die oorkonde wat die prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, met toestemming van die beskuldigde en die prokureur-generaal deurgestuur kan word, in welke geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die oorkonde in die geheel voorgelê word.

(b) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (1) om verlof om te appèlleer, toegestaan word en die appèl ingevolge artikel 315(3) verhoor moet word deur die volle hof, berei die griffier sonder versuim 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde, met inbegrip van afskrifte van die getuienis, hetsy dit mondeling of dokumentêr is, wat by die verhoor afgeneem of toegelaat is, en 'n opgaaf van die gronde van appèl voor: Met dien verstande dat, in plaas van die oorkonde in die geheel, afskrifte (waarvan een gewaarmerk moet wees) van die gedeeltes van die oorkonde wat die prokureur-generaal en die beskuldigde by ooreenkoms as voldoende bepaal, met toestemming van die beskuldigde en die prokureur-generaal voorberei kan word, in welke geval die appèlhof nogtans kan gelas dat die oorkonde in die geheel voorgelê word.";

(d) deur in subartikel (6) die woord "appèlhof", oral waar dit voorkom deur die woord "Appèlafdeling" te vervang;

(e) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Die versoekskrif **[kan]** word in kamers oorweeg **[word deur die Hoofregter of deur 'n ander regter van die appèlhof na wie dit deur die Hoofregter verwys word]** deur drie regters van die Appèlafdeling deur die Hoofregter aangewys.";

(f) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:

"(8) Die **[regter]** regters wat die versoekskrif oorweeg, kan -

(a) verdere inligting van die regter wat die aansoek om kondonasie of die aansoek om verlof om te appelleer of die aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, oorweeg het of van die regter wat voorgesit het by die verhoor waarop so 'n aansoek betrekking het, aanvra:

(b) order that the application or applications in question or any of them be argued before **[him]** them at a time and place appointed;

(c) whether **[he has]** they have acted under paragraph (a) or (b) or not -

(i) in the case of an application for condonation, grant or refuse the application and, if **[he grants]** the application is granted, direct that an application for leave to appeal shall be made, within the period fixed by **[him]** them, to the court or judge referred to in subsection (1) or, if **[he deems]** they deem it expedient, that an application for leave to appeal shall be submitted under subsection (6) within the period fixed by **[him]** them as if it had been refused by the court or judge referred to in subsection (1);

(ii) in the case of an application for leave to appeal or an application for leave to call further evidence, grant or refuse the application or, if **[such judge is]** they are of the opinion that the application for leave to call further evidence should have been granted, **[he]** they may, before deciding upon the application for leave to appeal, or, in the case where the court or judge referred to in subsection (1) has granted the application for leave to appeal but has refused leave to call further evidence, set aside the refusal of the said court or judge to grant leave to call further evidence and remit the matter in order that further evidence may be received in accordance with the provisions of subsection (3); or

(d) refer the matter to the **[court of appeal]** Appellate Division for consideration, whether upon argument or otherwise, and **[the court of appeal]** that Division may thereupon deal with the matter in any manner referred to in paragraph (c).";

(g) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) (a) The decision of the **[court of appeal or of a judge of the court of appeal]** Appellate Division or of the judges thereof considering the petition, as the case may be, to grant or refuse any application, shall be final.

(b) For the purposes of this section any decision of the majority of the judges considering the petition, shall be deemed to be the decision of all three.".

(b) gelas dat die betrokke aansoek of aansoeke of die een of ander van hulle op 'n vasgestelde tyd en plek voor **[hom]** hulle beredeneer word;

(c) hetsy **[hy]** hulle ingevolge paragraaf (a) of (b) gehandel het al dan nie -

(i) in die geval van 'n aansoek om kondonasie, die aansoek toestaan of weier en indien **[hy]** die aansoek **[toestaan]** toegestaan word, gelas dat 'n aansoek om verlof om te appelleer binne die deur **[hom]** hulle bepaalde tydperk by die in subartikel (1) bedoelde hof of regter gedoen word of, indien **[hy]** hulle dit dienstig ag, dat 'n aansoek om verlof om te appelleer binne die deur **[hom]** hulle bepaalde tydperk ingevolge die bepalings van subartikel (6) voorgelê word asof dit deur die in subartikel (1) bedoelde hof of regter geweier is;

(ii) in die geval van 'n aansoek om verlof om te appelleer of 'n aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, die aansoek toestaan of weier of, indien **[die regter]** hulle van oordeel is dat die aansoek om verlof om verdere getuienis te roep, toegestaan moes gewees het, kan **[hy]** hulle, voordat **[hy]** hulle beslis oor die aansoek om verlof om te appelleer of, in die geval waar die in subartikel (1) bedoelde hof of regter verlof om te appelleer, toegestaan maar verlof om verdere getuienis te roep geweier het, die weiering van bedoelde hof of regter om verlof toe te staan om verdere getuienis te roep, tersyde stel en die aangeleentheid terugverwys sodat verdere getuienis ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) ontvang kan word; of

(d) die aangeleentheid na die **[appèlhof]** Appèlafdeling verwys vir oorweging, hetsy na beredenering of andersins, en **[die appèlhof]** daardie Afdeling kan daarop met die aangeleentheid op'n in paragraaf (c) bedoelde wyse handel."; en

(g) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) (a) Die beslissing van die **[appèlhof of van 'n regter van die appèlhof]** Appèlafdeling of van die regters daarvan wat die versoekskrif oorweeg, na gelang van die geval, om 'n aansoek toe te staan of te weier, is afdoende.

(b) By die toepassing van hierdie artikel word 'n beslissing van die meerderheid van die regters wat die versoekskrif oorweeg, geag die beslissing van al drie te wees.".

Amendment of section 317 of Act 51 of 1977.

8. Section 317 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution in subsection (5) for the words "court of appeal" of the words "Appellate Division".

Amendment of section 318 of Act 51 of 1977.

9. Section 318 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution for the words "court of appeal", wherever they occur, of the words "Appellate Division".

Amendment of section 319 of Act 51 of 1977.

10. Section 319 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words "court of appeal" of the words "Appellate Division".

Amendment of section 323 of Act 51 of 1977.

11. Section 323 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by the substitution for the words "court of appeal", wherever they occur, of the words "Appellate Division".

Saving with respect to pending appeals.

12. No provision of this Act shall affect an appeal or any proceedings in connection therewith noted in terms of any Act or proclamation before the commencement of such provision, and any such appeal shall be continued and concluded in every respect as if this Act had not been passed.

Short title and commencement.

13. This Act shall be called the Appeals Amendment Act, 1985, and shall come into operation on a date fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

8. Artikel 317 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur in subartikel (5) die woord "appèlhof" deur die woord "Appèlafdeling" te vervang. Wysiging van artikel 317 van Wet 51 van 1977.

9. Artikel 318 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur die woord "appèlhof", oral waar dit voorkom, deur die woord "Appèlafdeling" te vervang. Wysiging van artikel 318 van Wet 51 van 1977.

10. Artikel 319 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord "appèlhof" deur die woord "Appèlafdeling" te vervang. Wysiging van artikel 319 van Wet 51 van 1977.

11. Artikel 323 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig deur die woord "appèlhof", oral waar dit voorkom, deur die woord "Appèlafdeling" te vervang. Wysiging van artikel 323 van Wet 51 van 1977.

12. Geen bepaling van hierdie Wet raak 'n appèl of enige verrigtinge in verband daarmee wat voor die inwerkingtreding van sodanige bepaling ingevolge enige Wet of proklamasie aangeteken is nie, en elke sodanige appèl word in alle opsigte voortgesit en afgehandel asof hierdie Wet nie aangeneem is nie. Voorbehoud ten aansien van aanhangige appèlle.

13. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Appèlle, 1985, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal. Kort titel en inwerkingtreding.